



By die opening van die Absa Atelier Kunskompetiese se streekuitstalling in die Bellville Kunstgalerie, was (van links) Erik Marais van Absa se streekkantoor in Kaapstad, Fritha Langerman, een van die deelnemers, en Debbie Odendaal, kurator van die galery.

## Kunswerke môre beoordeel

DIE beste werke in die streekkompetisies van die Absa Atelier Kunskompetiese word môre (22 April) deur 'n paneel in Pretoria beoordeel. Kompetisies is die afgelope maande in verskillende streke van die land gehou.

By die opening van die deelnemers wie se werke in Bellville uitgestal is, het Absa se uitvoerende direkteur Santie Botha gesê Atelier maak 'n belangrike deel van Absa se borgskappe uit. Dit bied aan jong kunstenaars die kans om hul talent

ten toon te stel en kan hulle help om 'n loopbaan van die grond te kry.

Vyfmeriete-wenners word aan die einde van April aangekondig. Elkeen sal R10 000 kry en staan 'n kans om met die eerste prys van R50 000 weg te stap. Die eerste prys sluit ook 'n vliegkaartjie en verblyf vir ses maande in Parys in.

Kunstenaars tussen 21 en 35 jaar oud neem aan die kompetisie deel. Dit word reeds veertien jaar gehou, voorheen onder Volkskas se vaandel.